Enige persoon wat beswaar wil maak teen die Minister se voorneme om dié wysiging aan te bring, moet sy skriftelike beswaar binne twee maande na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing indien by die Direkteur-generaal, Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde, Privaatsak X191, Pretoria, 0001.

BYLAE

WYSIGING VAN DIE VERPLIGTE SPESIFIKASIE VIR KATEGORIE O_3- EN O_4-MOTORVOERTUIE

Onderafdeling 3.1.1. Voeg 'n dubbelpunt aan die einde van die bestaande onderafdeling in en voeg die volgende voorbehoudsbepaling by:

Met dien verstande dat—

(a) daar aan die vereistes vir die installering van agterste trukaatsers, soos in onderafdeling 7.2 en Tabel 14 van genoemde SABS SV 1046 aangegee, voldoen kan word deur die gebruik en aanbring van agterliglense wat trukaatsers insluit wat 'n integrerende deel van die lense is en wat aan al die ander vereistes vir trukaatsers voldoen; en

(b) die spesifieke vereistes wat in Tabel 13 'BUITELYNMERKLIGTE' van genoemde SABS SV 1046 uiteengesit is, hiermee vir die doel van hierdie verpligte spesifikasie uitgesluit word.

Onderafdeling 3.4. Voeg die volgende opmerking onmiddellik na tabel 1 in:

Opmerking: Die agterregistrasieplaat word deur twee onafhanklike lampe verlig. Een word deur kontak 5 en die ander deur kontak 7 gevoer en hulle moet so verbind wees dat geen lamp 'n gemeenskaplike verbinding met kontak 5 sowel as 7 het nie.

Onderafdeling 3.5.1. Voeg die volgende derde paragraaf aan die einde van die bestaande onderafdeling by:

Die oppervlak van die monteerplaat moet volgens die totale wyseraflesing (TWA) tot binne 1,5 mm plat wees oor 'n radius van minstens 485 mm van die as van die krinkspil af, en die geometrie van die krinkspil/monteerplaatkombinasie moet sodanig wees dat as die toepaslike meter, wat in fig. 2 aangetoon word, oor enige dwarsdiameter in kontak met die oppervlak van die monteerplaat geplaas word, die krinkspil deur die meter kan gaan terwyl die meter steeds in kontak met die oppervlak is.

Subsection 3.5.3. Delete the existing subsection and substitute the following new subsection:

3.5.3 *Mechanical properties of kingpin.* A kingpin shall have mechanical properties equal to or better than those given in Table 2.

TABLE 2—MECHANICAL PROPERTIES OF KINGPIN

1	2
Mechanical property	Value
Tensile strength, MPa	850–1 000
Yield stress, MPa, min	680
Elongation, %, min	13
Izod impact value, J, min	54
Hardness, HB	250–300

Subsection 4.2.2 (c). Within the brackets after the existing wording, add the words "of each axle or axle unit".

Subsection 4.2.3. Delete the existing subsection and substitute the following new subsection:

4.2.3 *Axle brake data plates.* Each axle on a trailer shall be provided with information applicable to the brake design, the particulars of which shall be permanently and legibly imprinted or stamped either on a data plate permanently affixed in a conspicuous position adjacent to the axle or on the plate required by Section 5 of the said SABS SV 1051: Part VI—1980, referred to in section 3.3, given as follows:

(a) The axle make and serial number;

(b) when relevant, the brake chamber size and the brake lever length; and

(c) the maximum tyre size.

Subsection 4.3. Add the following new subsection:

4.3 MEASURING UNITS. All gauges, indicators or instruments that are fitted to a vehicle and are calibrated in physical units shall be calibrated in units as prescribed by the current applicable regulations promulgated under the Measuring Units and National Measuring Standards Act, 1973 (Act 76 of 1973).

Section 5. Add the following new section:

5. REQUIREMENTS FOR THE CONTROL OF ENVIRONMENTAL INTERFERENCE. All components, accessories or equipment fitted to a trailer and which generate and radiate electromagnetic energy, shall comply with the current applicable regulations relating to interference with communications promulgated under the Radio Act, 1952 (Act 3 of 1952).

Figure 2: Add the following new Fig 2:

Onderafdeling 3.5.3. Skrap die bestaande onderafdeling en vervang dit deur die volgende nuwe onderafdeling:

3.5.3 *Meganiese eienskappe van krinkspil.* Die meganiese eienskappe van 'n krinkspil moet gelyk aan of beter as dié wees wat in Tabel 2 aangegee word.

TABEL 2—MEGANIESE EIENSKAPPE VAN KRINKSPIL

1	2
Meganiese eienskap	Waarde
Treksterkte, MPa	850–1 000
Vloeispanning, MPa, min	680
Verlenging, %, min	13
Izod-slagwaarde, J, min	54
Hardheid, HB	250–300

Onderafdeling 4.2.2 (c). Voeg die woorde "van elke as of aseenheid" binne die hakies na die bestaande bewoording by.

Onderafdeling 4.2.3. Skrap die bestaande onderafdeling en vervang dit deur die volgende nuwe onderafdeling:

4.2.3 *Asremdataplate.* Elke as op 'n sleepwa moet voorsien wees van die volgende besonderhede wat op die remontwerp van toepassing is en wat leesbaar en op blywende wyse op 'n dataplaat wat op 'n opvallende plek langs die as bevestig is, of op die plaat vereis volgens Afdeling 5 van SABS SV 1051: Deel VI—1980, genoem in afdeling 3.3, gedruk of gestempel is:

(a) Die asfabrikaat en -reeksnommer;

(b) indien toepaslik, die remkamergrootte en die remhefboomlengte; en

(c) die maksimum buitebandgrootte.

Onderafdeling 4.3. Voeg die volgende nuwe onderafdeling by:

4.3 MEETEENHEDE. Alle meters, aanwysers of instrumente wat in 'n voertuig aangebring is en wat in fisiese eenhede gekalibreer is, moet gekalibreer wees in eenhede soos voorgeskryf deur die geldende toepaslike regulasies wat ingevolge die Wet op Meeteenhede en Nasionale Meetstandaarde, 1973 (Wet 76 van 1973), uitgevaardig is.

Afdeling 5. Voeg die volgende nuwe afdeling by:

5. VEREISTES VIR DIE BEHEER VAN OMGEWINGSTEURNIS. Alle komponente, toebehore of uitrusting wat op 'n sleepwa aangebring is en elektromagnetiese energie opwek en uitstraal, moet voldoen aan die geldende toepaslike regulasies in verband met versteuring van kommunikasies wat ingevolge die Radiowet, 1952 (Wet 3 van 1952), afgekondig is.

Figuur 2: Voeg die volgende nuwe Fig. 2 by:



Material: Aluminium
All above dimensions
other than a-f (inclusive): ± 1 mm

1	2	3
Dimension, mm		
Gauge	Type 50	Type 90
a	74,5	116,3
b	53,4	93,5
c	74,7	115,7
d	37,6	23,0
e	68,0	57,0
f	85,4	75,2
All above dimensions ± 0,05		

Fig. 2 - Details of the Kingpin/Mounting-plate Gauge



Materiaal: Aluminium
Al bogenoemde afmetings uitgesonderd a tot en met f : ± 1 mm

1	2	3
Afmeting, mm		
Meter	Tipe 50	Tipe 90
a	74,5	116,3
b	53,4	93,5
c	74,7	115,7
d	37,6	23,0
e	68,0	57,0
f	85,4	75,2
Al bogenoemde afmetings ± 0,05		

Fig. 2 - Details van die Krinkspil/Monteerplaatmeter

No. 247 **8 February 1985**

STANDARDS ACT, 1982

AMENDMENT OF THE COMPULSORY SPECIFICATION FOR CATEGORY N_2 AND N_3 MOTOR VEHICLES

Notice is given in terms of section 16 (3) of the Standards Act, 1982 (Act 30 of 1982), that the Deputy Minister of Finance and of Trade and Industry, acting on behalf of the Minister of Trade and Industry, intends to amend the compulsory specification for category N_2 and N_3 motor vehicles published by Government Notice 1286 of 17 June 1983.

Particulars of the amendment are contained in the Schedule.

The purport of the amendment is—

(a) to establish or to revise the dates upon which certain provisions become operative;

(b) to align the compulsory specification with recent technological developments; and

(c) to require the calibration of gauges and instruments in units prescribed by the Measuring Units and National Measuring Standards Act, 1973 (Act 76 of 1973).

Any person who wishes to object to the intention of the Minister to effect this amendment shall lodge his objection in writing with the Director-General, South African Bureau of Standards, Private Bag X191, Pretoria, 0001, within two months of the date of publication of this notice.

SCHEDULE

AMENDMENT OF THE COMPULSORY SPECIFICATION FOR CATEGORY N_2 and N_3 MOTOR VEHICLES

Operative dates. Delete the existing reference to subsection 3.1.1 and add the following:

3.4.2 Audible warning devices (as hereinafter amended)—1 January 1986.

3.1.1 Lights and Lighting Equipment—1 April 1986.

Subsection 3.1.1. Insert a colon at the end of the existing subsection and add the following proviso:

Provided that—

(a) the requirements for the installation of rear retro-reflectors, as given in subsection 7.2 and Table 14 of the said SABS SV 1046 may be met by the use and fitting of rear light lenses that incorporate rear retro-reflectors that are integral portions of the lenses and that meet all other requirements for retro-reflectors; and

(b) the specific requirements of the said SABS SV 1046 set out in:

(1) Subsection 5.1.2. 'Inclination Under Various Conditions of Loading', together with the relevant parts of subsection 5.5 or 5.6 'STATES OF LOADING TO BE CONSIDERED FOR CATEGORY N_1, N_2 AND N_3 VEHICLES'; and

(2) Table 13 'END-OUTLINE MARKER LIGHTS', are hereby excluded for the purposes of this compulsory specification.

Subsection 3.2.1. Delete the words "either SABS SV 1050–1977 'Motor vehicle safety specification for rear-view mirrors' or",

Subsection 3.4.2. Delete the existing subsection and subsitute the following new subsection:

No. 247 **8 Februarie 1985**

WET OP STANDAARDE, 1982

WYSIGING VAN DIE VERPLIGTE SPESIFIKASIE VIR KATEGORIE N_2- EN N_3-MOTORVOERTUIE

Kragtens artikel 16 (3) van die Wet op Standaarde, 1982 (Wet 30 van 1982), word bekendgemaak dat die Adjunkminister van Finansies en van Handel en Nywerheid, handelende namens die Minister van Handel van Nywerheid, van voorneme is om die verpligte spesifikasie vir kategorie N_2- en N_3-motorvoertuie, gepubliseer by Goewermentskennisgewing 1286 van 17 Junie 1983, te wysig.

Besonderhede van die wysiging is in die Bylae vervat.

Die doel van die wysiging is—

(a) om die datums waarop sekere bepalings in werking tree, te bepaal of die wysig;

(b) om die verpligte spesifikasie by onlangse tegnologiese ontwikkelings aan te pas; en

(c) om 'n vereiste in te voeg dat meters en instrumente gekalibreer moet wees in eenhede wat deur die Wet op Meeteenhede en Nasionale Meetstandaarde, 1973 (Wet 76 van 1973), voorgeskryf word.

Enige persoon wat beswaar wil maak teen die Minister se voorneme om dié wysiging aan te bring, moet sy skriftelike beswaar binne twee maande na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing indien by die Direkteur-generaal, Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde, Privaatsak X191, Pretoria, 0001.

BYLAE

WYSIGING VAN DIE VERPLIGTE SPESIFIKASIE VIR KATEGORIE N_2- EN N_3-MOTORVOERTUIE

Datums van inwerkingtreding. Skrap die bestaande verwysing na onderafdeling 3.1.1 en voeg die volgende by:

3.4.2 Hoorbare waarskuwingstoestelle (soos hierna gewysig)—1 Januarie 1986.

3.1.1 Ligte en verligtingsuitrusting—1 April 1986.

Onderafdeling 3.1.1. Voeg 'n dubbelpunt aan die einde van die bestaande onderafdeling in en voeg die volgende voorbehoudsbepaling by:

Met dien verstande dat—

(a) daar aan die vereistes vir die installering van agterste trukaatsers, soos in onderafdeling 7.2 en Tabel 14 van genoemde SABS SV 1046 aangegee, voldoen kan word deur die gebruik en aanbring van agterliglense wat trukaatsers insluit wat 'n integrerende deel van die lense is en wat aan al die ander vereistes vir trukaatsers voldoen; en

(b) die spesifieke vereistes van genoemde SABS SV 1046 soos uiteengesit in:

(1) Onderafdeling 5.1.2. 'Inklinasie in Verskillende Lastoestande' tesame met die toepaslike dele van onderafdeling 5.5 of 5.6 met betrekking tot lastoestande wat vir kategorie N_1-, N_2- en N_3-voertuie in ag geneem moet word; en

(2) Tabel 13 'BUITELYNMERKLIGTE', hiermee vir die doel van hierdie verpligte spesifikasie uitgesluit word.

Onderafdeling 3.2.1. Skrap die woorde "òf SABS SV 1050–1977 'Motorvoertuigveiligheidspesifikasie vir truspieëls' òf".

Onderafdeling 3.4.2. Skrap die bestaande onderafdeling en vervang dit deur die volgende nuwe onderafdeling:

3.4.2 *Audible warning devices*. A vehicle shall be fitted with one or more audible warning devices such that when operated a continuous sound is emitted at a level of at least 93 dB, determined in accordance with SABS 0169–1984 'Code of practice for determining the performance of audible warning devices (hooters) after installation in a motor vehicle' as published by Government Notice 966 of 11 May 1984.

Subsection 3.6. Immediately following Table 1 add the note as follows:

Note: The rear registration plate is illuminated by two independent lamps, one fed from contact 5 and one fed from contact 7, and they shall be so connected that no lamp has a common connection with both contacts 5 and 7.

Subsection 5.2.4 (c). Within the brackets, after the existing wording, add the words "of each axle or axle unit".

Subsection 5.3. Add the following new subsection:

5.3 MEASURING UNITS. All gauges, indicators or instruments that are fitted to a motor vehicle and are calibrated in physical units shall be calibrated in units as prescribed by the current applicable regulations promulgated under the Measuring Units and National Measuring Standards Act, 1973 (Act 76 of 1973).

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. 266 **8 February 1985**

The Honourable the Minister of Transport Affairs has in terms of section 3 (1) (a) of the National Road Safety Act, 1972 (Act 9 of 1972), re-appointed the undermentioned persons as members of the National Road Transportation Board for a period ending 31 Desember 1985:

Mr J. Driessen—Chairman.

Prof. J. Poolman—Deputy Chairman.

Mr R. G. Meyer—Third Member.

Mr O. A. W. van Zyl—Member.

GENERAL NOTICES

NOTICE 28 OF 1985

PACALTSDORP LAND DIVISION COMMITTEE, GEORGE

NOTICE IN TERMS OF SECTION 7 (1) OF LAND TITLES ADJUSTMENT ACT, No. 68 OF 1979

Whereas the above-mentioned Land Division Committee was established by the Minister of Development and of Land Affairs for the purpose of dealing with the land specified in the Schedule hereto in accordance with the provisions of Act 68 of 1979, so notice is hereby given in terms of section 7 (1) of the said Act calling upon all persons who claim to have acquired a right by hereditary succession or otherwise (purchase, exchange, donation, etc.) to be registered as an owner in respect of the land specified in the Schedule hereto, to submit to the said committee a *written application* for the allocation and transfer to him/her in terms of the said Act of an undivided share in or a defined portion of the said land.

"3.4.2 *Hoorbare waarskuwingstoestelle*. 'n Voertuig moet voorsien wees van een of meer hoorbare waarskuwingstoestelle wat sodanig is dat as dit in werking is, 'n aanhoudende klank voortgebring word by 'n peil van minstens 93 dB, bepaal in ooreenstemming met SABS 0169–1984 'Gebruikskode vir die bepaling van die prestasie van hoorbare waarskutoestelle (toeters) na installering in 'n motorvoertuig', soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing 966 van 11 Mei 1984.

Onderafdeling 3.6. Voeg die volgende opmerking onmiddellik na Tabel 1 by:

Opmerking: Die agterregistrasieplaat word deur twee onafhanklike lampe verlig. Een word deur kontak 5 en die ander deur kontak 7 gevoer en hulle moet so verbind wees dat geen lamp 'n gemeenskaplike verbinding met kontak 5 sowel as 7 het nie.

Onderafdeling 5.2.4 (c). Voeg die woorde "van elke as of aseenheid" binne die hakies na die bestaande bewoording by.

Onderafdeling 5.3. Voeg die volgende nuwe onderafdeling by:

5.3 MEETEENHEDE. Alle meters, aanwysers of instrumente wat in 'n motorvoertuig aangebring is en wat in fisiese eenhede gekalibreer is, moet gekalibreer wees in eenhede soos voorgeskryf deur die geldende toepaslike regulasies wat ingevolge die Wet op Meeteenhede en Nasionale Meetstandaarde, 1973 (Wet 76 van 1973, uitgevaardig is.

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. 266 **8 Februarie 1985**

Sy Edele die Minister van Vervoerwese het ingevolge die bepalings van artikel 3 (1) (a) van die Wet op Nasionale Verkeersveiligheid, 1972 (Wet 9 van 1972), die ondergenoemde persone heraangestel as lede van die Nasionale Verkeersveiligheidsraad vir 'n termyn wat op 31 Desember 1985 verstryk.

Mnr. J. Driessen—Voorsitter.

Prof. J. Poolman—Adjunk-voorsitter.

Mnr. R. G. Meyer—Derde Lid.

Mnr. O. A. W. van Zyl—Lid.

ALGEMENE KENNISGEWINGS

KENNISGEWING 28 VAN 1985

PACALTSDORP GRONDVERDELINGSKOMITEE, GEORGE

KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 7 (1) VAN WET OP REËLING VAN GRONDTITELS, No. 68 VAN 1979

Nademaal die Minister van Ontwikkeling en van Grondsake bogenoemde Grondverdelingskomitee ingestel het om met die grond wat in die Bylae hiervan vermeld word, te handel ooreenkomstig die bepalings van Wet 68 van 1979, so word hiermee ingevolge artikel 7 (1) van genoemde Wet aan alle persone wat daarop aanspraak maak dat hul deur erfopvolging of andersins (koop, ruil, skenking, ens.) 'n reg verkry het om as 'n eienaar ten opsigte van die grond vermeld in die Bylae hiervan, of 'n gedeelte daarvan, geregistreer te word, kennis gegee om 'n *skriftelike aansoek* by die Komitee in te dien vir die toewysing en/of oordrag aan hom of haar ingevolge die bepalings van genoemde Wet van 'n onverdeelde aandeel in of van 'n bepaalde gedeelte van die betrokke grond.

Attention is drawn to section 7 (1) (b) of the said Act which requires a *claimant to set out in such application the facts upon which his claim is based, supported by sworn statements by the persons alleging those facts* and by such documents, e.g. copies of estate documents, as the applicant may be able to submit, including any title deeds that he may have in his possession.

Further attention is directed to section 7 (4) of the said Act which provides that (excluding a person who is subject to some form of legal disability) no person other than an applicant who has submitted an application to the committee, shall be entitled to an allocation or transfer of a share in, or of a defined portion of the said land.

Written applications by claimants must be submitted to the Chairman, Pacaltsdorp Land Division Committee, P.O. Box 938, George, 6530, on or before 25 March 1985.

F. J. M. BOTHA, Chairman: Pacaltsdorp Land Division Committee.

SCHEDULE

Erven 1, 14, 16, 17, 18, 19, 20, 29, 30, 31, 33, 39, 45, 46, 47, 48, 49, 51, 52, 53, 56, 62, 67, 70, 73, 74, 77, 85, 86, 88, 89, 90, 91, 98, 114, 115, 119, 135, 142, 143, 145, 146, 148, 150, 153, 156, 161, 163, 165, 170, 174, 178, 179, 181, 184, 187, 189, 190, 191, 196, 199, 215, 220, 222, 227, 228, 229, 232, 233, 235, 236, 237, 238, 239, 242, 243, 244, 248, 249, 254, 256, 257, 258, 265, 266, 267, 270, 274, 278, 284, 286, 288, 289, 294, 295, 296, 300, 842, 926, 927, and 974;

all situated in Pacaltsdorp in the Division of George, Province of the Cape of Good Hope.

25-1-8

(8 February 1985)

Aandag word gevestig op artikel 7 (1) (b) van die Wet wat bepaal dat 'n *aanspraker in sy aansoek die feite moet uiteensit waarop sy aanspraak berus en dit staaf deur beedigde verklarings van die persone wat daardie feite beweer* en deur die stukke soos afdrukke van boedeldokumente, ens., wat die applikant in staat is om voor te lê met inbegrip van enige titelbewys wat hy in sy besit mag hê.

Aandag word ook gevestig op artikel 7 (4) van die genoemde Wet wat bepaal dat (uitgesonderd 'n handelingsonbevoegde persoon) niemand behalwe 'n persoon wat sy aansoek by die Komitee ingedien het geregtig is op 'n toewysing of oordrag van 'n aandeel in of 'n bepaalde gedeelte van die betrokke grond nie.

Aanspraakmakers se skriftelike aansoeke moet ingedien word by die Voorsitter, Pacaltsdorp Grondverdelingskomitee, Posbus 938, George, 6530, voor of op 25 Maart 1985.

F. J. M. BOTHA, Voorsitter: Pacaltsdorp Grondverdelingskomitee.

BYLAE

Erwe 1, 14, 16, 17, 18, 19, 20, 29, 30, 31, 33, 39, 45, 46, 47, 48, 49, 51, 52, 53, 56, 62, 67, 70, 73, 74, 77, 85, 86, 88, 89, 90, 91, 98, 114, 115, 119, 135, 142, 143, 145, 146, 148, 150, 153, 156, 161, 163, 165, 170, 174, 178, 179, 181, 184, 187, 189, 190, 191, 196, 199, 215, 220, 222, 227, 228, 229, 232, 233, 235, 236, 237, 238, 239, 242, 243, 244, 248, 249, 254, 256, 257, 258, 265, 266, 267, 270, 274, 278, 284, 286, 288, 289, 294, 295, 296, 300, 842, 926, 927, en 974;

almal geleë te Pacaltsdorp in die afdeling George, provinsie die Kaap die Goeie Hoop.

25-1-8

(8 Februarie 1985)

NOTICE 58 OF 1985

DEPARTMENT OF PUBLIC WORKS AND LAND AFFAIRS

PROPOSED LEASE OF SITES IN THE BREEDERIVIER AT WITSAND, DIVISION OF HEIDELBERG

Notice is hereby given in terms of section 3 (5) of the Sea-Shore Act, 1935, that the Minister of Public Works and Land Affairs proposes to lease a number of sites, each ± 20 square metres in extent, situated below the high-water mark of the Breederivier at Witsand, to the following persons for the erection and maintenance of boat houses:

S. F. Drake, P. Price, H. Worthington-Smith, J. R. Jordan, M. S. de Beer, A. E. Furter, J. B. Uys and C. J. Engels.

Further particulars are obtainable from the Regional Representative, Department of Public Works and Land Affairs, at Room 1117, Customs House, Heerengracht, Cape Town (Tel. 21-2060 × 113), during office hours (07h45 to 16h00).

Objections to the proposed lease may be lodged with the said Department at the above-mentioned address before 1 March 1985.

(6530/5248/0)

(8 February 1985)

KENNISGEWING 58 VAN 1985

DEPARTEMENT VAN OPENBARE WERKE EN GRONDSAKE

VOORGESTELDE VERHURING VAN TERREINE IN DIE BREEDERIVIER, WITSAND, AFDELING HEIDELBERG

Hierby word ingevolge artikel 3 (5) van die Strandwet, 1935, bekendgemaak dat die Minister van Openbare Werke en Grondsake voornemens is om 'n aantal terreine, elk ± 20 vierkante meter groot, geleë benede die hoogwatermerk van die Breederivier te Witsand, aan die volgende persone te verhuur vir die oprigting en instandhouding van boothuise:

S. F. Drake, P. Price, H. Worthington-Smith, J. R. Jordan, M. S. de Beer, A. E. Furter, J. B. Uys en C. J. Engels.

Nadere besonderhede is tydens kantoorure (07h40 tot 16h00) verkrygbaar van die Streekverteenwoordiger, Departement van Openbare Werke en Grondsake, Kamer 1117, Doeanegebou, Heerengracht, Kaapstad (Tel. 21-2060 × 113).

Besware teen die voorgestelde verhurings kan voor 1 Maart 1985 by voormelde Departement by bogemelde adres ingedien word.

(6530/5248/0)

(8 Februarie 1985)

NOTICE 59 OF 1985—KENNISGEWING 59 VAN 1985

DEPARTMENT OF POSTS AND TELECOMMUNICATIONS—DEPARTEMENT VAN POS- EN TELEKOMMUNIKASIEWESE

STATEMENT OF REVENUE AND EXPENDITURE: DECEMBER 1984
STAAT VAN INKOMSTE EN UITGAWE: DESEMBER 1984

	Estimates Begroting 1984–85	Month of December Maand van Desember		Total: April to December Totaal: April tot Desember		
		1984	1983	1984/85	1983/84	
	R	R	R	R	R	
Operating Expenditure:						***Bedryfsuitgawe:***
Postal, Savings, Money transfer, Agency services and Telecommunications	2 384 398 000*	183 579 913	138 827 583	1 653 384 155†	1 285 929 254†	Pos-, Spaar-, Geldoordrag-, Agentskapdienste en Telekommunikasie.
Capital Expenditure:						***Kapitaaluitgawe:***
Telecommunications	1 120 000 000	73 197 305	49 073 835	642 478 414	525 457 389	Telekommunikasie.
Land, Buildings and Housing	112 000 000	9 215 357	9 610 995	67 834 748	72 965 126	Grond, Geboue en Behuising.
Vehicles	27 000 000	4 971 035	3 580 658	20 002 370	11 650 731	Voertuie.
Office, Data Processing, Mail Handling and Stores Equipment	17 359 000	1 024 832	2 482 673	6 503 802	6 864 733	Kantoor-, Dataverwerkings-, Poshanterings- en Voorraadtoerusting.
Total	1 276 359 000	88 408 529	64 748 161	736 819 334†	616 937 979†	Totaal.
Amounts to be appropriated from the operating surplus:						***Bedrae wat uit die bedryfsurplus aangewend staan te word:***
Redemption of Loans	158 000 000	—	13 024 038	34 243 473	111 069 902	Leningsdelging.
Increase of Standard Stock Capital	30 000 000	—	—	15 000 000	20 000 000	Verhoging van Standaardvoorraadkapitaal.
Staff Housing Scheme	30 000 000	—	—	30 000 000	30 000 000	Personeelbehuisingskema.
Total	218 000 000*	—	13 024 038	79 243 473†	161 069 902†	Totaal.
Revenue:						***Inkomste:***
Postal services	266 876 000	26 279 965	21 141 751	212 138 136	181 370 831	Posdienste.
Savings services	45 714 000	13 276 137	8 120 526	112 387 241	61 517 043	Spaardienste.
Money transfer services	26 030 000	1 627 510	1 721 616	19 675 545	15 099 380	Geldoordragdienste.
Agency services	14 388 000	1 079 819	303 918	10 244 404	6 789 478	Agentskapdienste.
Telephone services	1 873 097 000	156 236 066	131 491 943	1 434 230 273	1 193 099 422	Telefoondienste.
Telex services	130 576 000	11 566 174	10 257 777	102 772 211	90 307 098	Teleksdienste.
Gentex services	26 955 000	3 486 869	3 284 208	19 731 602	18 867 886	Genteksdienste.
Leased circuits	87 460 000	6 797 210	5 461 698	60 928 296	48 490 323	Huurverbindings.
Total	2 471 096 000*	220 349 750	181 783 437	1 972 107 708†	1 615 541 461†	Totaal.

Printer's note: Items correspond to 1984–85 printed estimates.
Drukkersnota: Items stem ooreen met die 1984–85 gedrukte begroting.

* Internal charges not included.
Interne heffings nie ingesluit nie.

† Neither revenue nor expenditure is evenly spread over the financial year. Certain large operating expenditure payments are made quarterly, half yearly or annually, whilst capital expenditure payments are related to the execution of specific short and long term contracts.
Nóg inkomste nóg besteding is gelykmatig oor die boekjaar versprei. Sekere groot bedryfsuitgawebetalings geskied kwartaalliks, halfjaarliks of jaarliks, terwyl kapitaaluitgawebetalings saamhang met die uitvoering van bepaalde kort- en langtermynkontrakte.

(8 February 1985)/(8 Februarie 1985)

NOTICE 62 OF 1985

DEPARTMENT OF PUBLIC WORKS AND LAND AFFAIRS

NOTIFICATION IN TERMS OF SECTION 4 (2) (b) OF THE TOWN AND REGIONAL PLANNERS' ACT, 1984 (ACT 19 OF 1984)

It is hereby notified in terms of section 4 (2) (b) of the Town and Regional Planners' Act, 1984 (Act 19 of 1984), that the Minister of Communications and of Public Works has by virtue of section 4 (1) of the said Act, appointed the persons mentioned in the accompanying Schedule, members of the South African Council for Town and Regional Planners for a period of one year with effect from 15 February 1985.

KENNISGEWING 62 VAN 1985

DEPARTEMENT VAN OPENBARE WERKE EN GRONDSAKE

AANKONDIGING INGEVOLGE ARTIKEL 4 (2) (b) VAN DIE WET OP STADS- EN STREEKBEPLANNERS, 1984 (WET 19 VAN 1984)

Hierby word ingevolge artikel 4 (2) (b) van die Wet op Stads- en Streekbeplanners, 1984 (Wet 19 van 1984), bekendgemaak dat die Minister van Kommunikasie en van Openbare Werke kragtens artikel 4 (1) van genoemde Wet, die persone in die Bylae hiervan genoem, aangestel het as lede van die Suid-Afrikaanse Raad vir Stads- en Streekbeplanners vir 'n tydperk van een jaar met ingang van 15 Februarie 1985.

SCHEDULE/BYLAE

Member Lid	Section in terms of which appointed Artikel waarkragtens aangestel
Stephanus Wagner Kemp	4 (1)
Gerald William David Wassell	4 (1)
Gysbert Nicolaas van Zyl	4 (1)
August Christoffel Koch Kannenberg	4 (1)
Christiaan Jacob Johan Els	4 (1)
Leslie John Oakenfull	4 (1)
Paul Gustaaf Waanders	4 (1)
Dirk Johannes Viljoen	4 (1)
John George Muller	4 (1)
Francois David Wallace van Zyl	4 (1)
Leon Claassen	4 (1)

(8 February 1985)/(8 Februarie 1985)

NOTICE 63 OF 1985

DEPARTMENT OF PUBLIC WORKS AND LAND AFFAIRS

NOTIFICATION IN TERMS OF SECTION 15 (2) (b) OF THE TOWN AND REGIONAL PLANNERS' ACT, 1984 (ACT 19 OF 1984)

It is hereby notified in terms of section 15 (2) (b) of the Town and Regional Planners' Act, 1984 (Act 19 of 1984), that the Minister of Communications and of Public Works has by virtue of section 15 (1) of the said Act, appointed the persons mentioned in the accompanying Schedule, members of the Education Advisory Committee for Town and Regional Planners for a period of three years with effect from 15 February 1985.

KENNISGEWING 63 VAN 1985

DEPARTEMENT VAN OPENBARE WERKE EN GRONDSAKE

AANKONDIGING INGEVOLGE ARTIKEL 15 (2) (b) VAN DIE WET OP STADS- EN STREEKBEPLANNERS, 1984 (WET 19 VAN 1984)

Hierby word ingevolge artikel 15 (2) (b) van die Wet op Stads- en Streekbeplanners, 1984 (Wet 19 van 1984), bekendgemaak dat die Minister van Kommunikasie en van Openbare Werke kragtens artikel 15 (1) van genoemde Wet, die persone in die Bylae hiervan genoem, aangestel het as lede van die Adviserende Onderwyskomitee vir Stads- en Streekbeplanners vir 'n tydperk van drie jaar met ingang van 15 Februarie 1985.

SCHEDULE/BYLAE

Member Lid	Section in terms of which appointed Artikel waarkragtens aangestel
Colin Tod Welch	15 (1) (a)
Francois David Wallace van Zyl	15 (1) (a)
Roelof Sarel Uytenbogaardt	15 (1) (a)
Nicolaas Maree	15 (1) (a)
John George Muller	15 (1) (a)
Gerrit Lodewyk van Heerde	15 (1) (a)
Michael Kahn	15 (1) (a)
Lucas Cornelius Albertus Stoop	15 (1) (b)
Peter Daughtrey Tyson	15 (1) (b)
Jacobus Daniel Theron	15 (1) (c)
Edward Wilfred Nassau Mallows	15 (1) (c)
Kenneth Bryan Sturgeon	15 (1) (c)
Gysbert Nicolaas van Zyl	15 (1) (c)
Christiaan Jacob Johan Els	15 (1) (c)

(8 February 1985)/(8 Februarie 1985)

NOTICE 64 OF 1985

DEPARTMENT OF POSTS AND TELECOMMUNICATIONS

AMENDMENT OF THE TARIFF FOR TELECOMMUNICATION SERVICES

I, Henry Odendal Bester, Postmaster General, under section 2B (1) (e) of the Post Office Act, 1958 (Act 44 of 1958), and with the approval of the Minister of Communications and of Public Works, determine in accordance with the Schedule below the fees, rates or charges to be demanded or received in respect of the telecommunication services concerned.

H. O. BESTER, Postmaster General.

KENNISGEWING 64 VAN 1985

DEPARTEMENT VAN POS- EN TELEKOMMUNIKASIEWESE

WYSIGING VAN DIE TARIEFLYS VIR TELEKOMMUNIKASIEDIENSTE

Ek, Henry Odendal Bester, Posmeester-generaal, bepaal hierby kragtens artikel 2B (1) (e) van die Poswet, 1958 (Wet 44 van 1958), en met die goedkeuring van die Minister van Kommunikasie en van Openbare Werke, ooreenkomstig die onderstaande Bylae die gelde, tariewe of koste wat ten opsigte van die betrokke telekommunikasiedienste geëis of ontvang moet word.

H. O. BESTER, Posmeester-generaal.

SCHEDULE

1.0 In this Schedule the term "Tariff" means the Tariff for Telecommunication Services announced by Government Notice 1192 of 1 July 1977, as amended.

2.0 The Tariff is hereby further amended as follows:

2.1 *Replace* the existing item 1.4 by the following:

No.	Service	Installation and other charges	Monthly rental, unless otherwise stated
"1.4	Free rental and installation: In respect of one main telephone service for residential purposes for— • a Post Office pensioner (all races) and the widow of such a pensioner; • the widow of a Post Office official (all races) who shared in or qualified for the concession of a semi-official telephone service during his term of service or who would have qualified for it in terms of current instructions if such concession did not exist during his term of service; and • a retired official of the Department who was transferred from the Cable and Wireless Company in 1948 or the Durban Corporation in 1969 who is not a civil pensioner of the Post Office but would have qualified for a pension annuity had he been a member of a relevant pension fund administered by the State, and the widow of such a retired official (all races): Provided that such widows shall furnish satisfactory proof to the Postmaster General that they have not remarried and provided further that the concession shall lapse as soon as they remarry	NONE	NONE"

2.2 Replace the existing foot-note (j) to the table under item 17.1.2 by the following:

"(j) Retired Postmasters General or their widows who qualify for free rental and installation in terms of items 1.4, 2.4, 3.4, 4.4, 5.3 and 7.4 are not debited with the cost of any calls, including calls to other countries, while other persons mentioned in item 1.4 who qualify for free rental and installation are not debited with the cost for call units, including direct-dialled calls to other countries, as explained below:

- Retired Deputy Postmasters General or their widows: First 1 000 call units or part thereof that register on the client's meter per debit period
- All others: First 50 call units or part thereof that register on the client's meter per debit period".

(8 February 1985)

BYLAE

1.0 In hierdie Bylae beteken die uitdrukking "die Tarieflys" die Tarieflys vir Telekommunikasiedienste afgekondig by Goewermentskennisgewing 1192 van 1 Julie 1977, soos gewysig.

2.0 Die Tarieflys word hierby soos volg verder gewysig:

2.1 *Vervang* die bestaande item 1.4 deur die volgende:

No.	Diens	Installeer- en ander koste	Maandelikse huur, tensy anders vermeld
"1.4	Gratis huur en installering: Ten opsigte van een hoof-telefoondiens vir woningdoeleindes vir: • 'n Poskantoorpensioentrekker (alle rasse) en die weduwee van sodanige pensioentrekker; • die weduwee van 'n Poskantooramptenaar (alle rasse) wat gedurende sy dienstermyn gedeel het in of gekwalifiseer het vir die toegewing van 'n halfamptelike telefoondiens of ingevolge huidige instruksies daarvoor sou gekwalifiseer het as so 'n toegewing nie gedurende sy dienstermyn bestaan het nie; en • 'n afgetrede amptenaar van die Departement wat in 1948 van die Cable and Wireless Company of in 1969 van die Durban Korporasie oorgeplaas is en nie 'n siviele pensioentrekker van die Poskantoor is nie maar vir pensioenjaargeld sou gekwalifiseer het as hy 'n lid van 'n relevante pensioenfonds was wat deur die Staat beheer word, en die weduwee van sodanige afgetrede amptenaar (alle rasse): Met dien verstande dat sodanige weduwees afdoende bewys aan die Posmeester-generaal moet lewer dat hulle nie weer getrou het nie en voorts met dien verstande dat die toegewing verval sodra hulle weer trou	GEEN	GEEN"

2.2 Vervang die bestaande voetnoot (j) tot die tabel onder item 17.1.2 deur die volgende:

"(j) Afgetrede Posmeesters-generaal of hulle weduwees wat ingevolge items 1.4, 2.4, 3.4, 4.4, 5.3 en 7.4 vir gratis huur en installering kwalifiseer, word nie met die koste van enige oproep gedebiteer nie, oproepe na ander lande ingesluit, terwyl ander persone vermeld in item 1.4 wat vir gratis huur en installering kwalifiseer, nie met die koste van oproepeenhede gedebiteer word nie, insluitende direkgeskakelde oproepe na ander lande, soos hieronder verduidelik word:

- Afgetrede Adjunk-posmeesters-generaal of hulle weduwees: Eerste 1 000 oproepeenhede of 'n gedeelte daarvan wat per debiettydperk op die kliënt se meter registreer
- Alle andere: Eerste 50 oproepeenhede of 'n gedeelte daarvan wat per debiettydperk op die kliënt se meter registreer".

(8 Februarie 1985)

NOTICE 65 OF 1985—KENNISGEWING 65 VAN 1985

P.5.01

PRELIMINARY STATEMENT OF TRADE STATISTICS OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA RELEASED BY THE COMMISSIONER FOR CUSTOMS AND EXCISE

VOORLOPIGE OPGAWE VAN HANDELSTATISTIEK VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA VRYGESTEL DEUR DIE KOMMISSARIS VAN DOEANE EN AKSYNS

Remark.—The import and export figures reflected in this statement have been adjusted largely to bring them into line with the requirements for the compilation of the balance of payments

Opmerking.—Die in- en uitvoersyfers wat in hierdie opgawe verskyn is grootliks aangepas om dit in ooreenstemming te bring met die vereistes wat gestel word vir die opstel van die betalingsbalans

PERIOD: JANUARY TO DECEMBER 1984—TYDPERK: JANUARIE TOT DESEMBER 1984

TABLE A: TOTALS IN MILLIONS OF RAND ACCORDING TO WORLD ZONES AND SHIPS' AND AIRCRAFT STORES
TABEL A: TOTALE IN MILJOENE RAND VOLGENS WÊRELDSTREKE EN SKEEPS- EN VLIEGTUIGVOORRADE

World zones—Wêreldstreke	Imports—Invoere		Exports—Uitvoere	
	1984	1983	1984	1983
Africa—Afrika	406,0	310,6	954,1	788,7
Europe—Europa	9 696,6	6 750,9	6 474,0	5 774,8
America—Amerika	4 130,7	3 049,8	2 411,4	2 008,5
Asia—Asië	4 058,8	2 734,9	3 407,1	2 665,2
Oceania—Oseanië	302,8	190,2	175,4	116,8
Other unclassified goods and balance of payments adjustments Ander ongeklassifiseerde goedere en betalingsbalansaansuiwerings	3 071,1	3 140,6	11 728,8	9 269,9
Ships'/Aircraft stores—Skeeps-/vliegtuigvoorrade	—	—	35,4	28,7
Grand total—Groottotaal	21 666,0	16 177,0	25 186,2	20 652,6

TABLE B: TOTALS IN MILLION RAND ACCORDING TO SECTIONS OF THE CCCN
TABEL B: TOTALE IN MILJOEN RAND VOLGENS AFDELINGS VAN DIE CCCN

Sections—Afdelings	Imports—Invoere		Exports—Uitvoere	
	1984	1983	1984	1983
I. Live animals; animal products Lewende diere; dierlike produkte	106,1	79,8	230,1	214,3
II. Vegetable products Plantaardige produkte	996,0	507,8	474,8	642,8
III. Animal and vegetable fats and oils and their cleavage products; prepared edible fats; animal and vegetable waxes Dierlike en plantaardige vette en olies en splitsprodukte daarvan; voorbereide spysvette; dierlike en plantaardige wasse	253,0	132,8	39,6	35,2
IV. Prepared foodstuffs; beverages, spirits and vinegar; tobacco Voorbereide voedsel; dranke, spiritus en asyn; tabak	442,2	390,6	510,0	484,4
V. Mineral products Mineraalprodukte	366,3	230,6	3 050,8	2 072,4
VI. Products of the chemical and allied industries Produkte van die chemiese en verwante nywerhede	1 776,7	1 295,2	709,2	428,0
VII. Artificial resins and plastic materials, cellulose esters and ethers, and articles thereof; rubber, synthetic rubber, factice, and articles thereof Kunsharse en -plastiekstowwe, sellulose-esters en -eters, en artikels daarvan; rubber, sintetiese rubber, faktis, en artikels daarvan	819,3	524,4	93,7	81,0
VIII. Raw hides and skins, leather, furskins and articles thereof; saddlery and harness; travel goods, handbags and the like; articles of gut (other than silk-worm gut) Ongelooide huide en velle, leer, pelsvelle en artikels daarvan; saal- en tuiemakersware; reisartikels, handsakke en dergelike houers; artikels van derm (uitgesonderd sywurmsnaar)	84,0	55,2	193,5	123,4
IX. Wood and articles of wood; wood charcoal; cork and articles of cork; manufactures of straw; of esparto and of other plaiting materials; basketware and wickerwork Hout en artikels van hout; houtskool; kurk en artikels van kurk; fabrikate van strooi, van esparto en van ander vlegwerkstowwe; mandjiewerk en vlegwerk	134,6	119,5	58,0	55,9
X. Paper-making material; paper and paperboard and articles thereof Stowwe vir die vervaardiging van papier; papier en papierbord en aritkels daarvan	632,7	457,6	317,4	255,8

Sections—Afdelings	Imports—Invoere		Exports—Uitvoere	
	1984	1983	1984	1983
XI. Textiles and textile articles Tekstiele en tekstielartikels	1 043,2	701,4	745,8	527,1
XII. Footwear, headgear, umbrellas, sunshades, whips, riding-crops and parts thereof; prepared feathers and articles made therewith; artificial flowers; articles of human hair; fans Skoeisel, hoofdeksels, sambrele, sonsambrele, swepe, ryswepe en onderdele daarvan; bereide vere en artikels daarvan gemaak; kunsblomme; artikels van mensehaar; waaiers	144,3	87,8	7,4	6,5
XIII. Articles of stone, of plaster, of cement, of asbestos, of mica and of similar materials; ceramic products; glass and glassware Artikels van klip, van gips, van sement, van asbes, van mika en van dergelike stowwe; keramiese produkte; glas en glasware	279,0	186,7	44,7	36,7
XIV. Pearls, precious and semi-precious stones, precious metals, rolled precious metals, and articles thereof; imitation jewellery; coin Pêrels, edel, en halfedelstene, edelmetale, gewalste edelmetale, en artikels daarvan; nagemaakte juweliersware, muntstukke	129,1	86,7	2 369,1	2 860,6
XV. Base metals and articles of base metal Onedelmetale en artikels daarvan	1 073,3	761,4	2 404,9	1 880,4
XVI. Machinery and mechanical appliances; electrical equipment; parts thereof Masjinerie en meganiese toestelle; elektriese toerusting; onderdele daarvan	6 375,5	4 430,6	309,3	225,5
XVII. Vehicles, aircraft, and parts thereof; vessels and certain associated transport equipment Voertuie, vliegtuie en onderdele daarvan; vaartuie en sekere verwante vervoertoerusting	2 659,5	2 053,6	170,1	180,5
XVIII. Optical, photographic, cinematographic, measuring, checking, precision, medical and surgical instruments and apparatus; clocks and watches; musical instruments, television image and sound recorders and reproducers; parts thereof Optiese, fotografiese, kinematografiese, meet-, kontrole-, presisie-, mediese en chirurgiese instrumente en apparaat; uurwerke en horlosies; musiekinstrumente; televisiebeeld- en klankopnemers en -weergewers, magneties; onderdele daarvan	944,8	696,2	41,0	33,2
XX. Miscellaneous manufactured articles Diverse vervaardigde artikels	217,3	154,4	16,2	21,0
XXI. Works of art, collectors' pieces, and antiques Kunswerke, versamelaarsstukke en antieke	43,2	21,0	17,3	3,6
Other unclassified goods and balance of payments adjustments Ander ongeklassifiseerde goedere en betalingsbalansaansuiwerings	3 145,9	3 203,7	13 383,3	10 484,3
Grand total—Groottotaal	21 666,0	16 177,0	25 186,2	20 652,6

(8 February 1985)/(8 Februarie 1985)

NOTICE 66 OF 1985

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING

PLANT IMPROVEMENT ACT, 1976

(ACT 53 OF 1976)

ALTERATIONS IN THE VARIETY LIST

In terms of sections 20 (3) (b), 21 (1) and 21 (2) of the Plant Improvement Act, 1976 (Act 53 of 1976), the Registrar of Plant Improvement hereby makes known that the names of the kinds of plants contained in the respective columns of the Schedule attached hereto have been entered in and deleted from the variety list maintained in terms of section 15 (1) of the said Act.

A. J. CRONJÉ, for Registrar of Plant Improvement.

KENNISGEWING 66 VAN 1985

DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING

PLANTVERBETERINGSWET, 1976

(WET 53 VAN 1976)

WYSIGING VAN DIE VARIËTEITSLYS

Die Registrateur van Plantverbetering maak hiermee ingevolge die bepalings van artikels 20 (3) (b), 21 (1) en 21 (2) van die Plantverbeteringswet, 1976 (Wet 53 van 1976), bekend dat die name van die variëteite van die soorte plante aangedui in die onderskeie kolomme van die Bylae hierby in die variëteitslys gehou ingevolge artikel 15 (1) van voormelde Wet opgeneem en geskrap is.

A. J. CRONJÉ, namens Registrateur van Plantverbetering.

SCHEDULE/BYLAE

Botanical and popular name Botaniese en populêre naam	Additions Byvoegings	Deletions Skrappings
Allium cepa—Onion/Ui	Granex Yellow PRR, Primero, Texas Grano 1025Y	—
Brassica oleracea—Cabbage/Kopkool	Conquest	—

Botanical and popular name Botaniese en populêre naam	Additions Byvoegings	Deletions Skrappings
Cenchrus ciliaris	Gayndah	—
Citrullus lanatus—Makataan	Ekgulu	—
Cucurbita maxima—Pumpkin/Pampoen	Jarrahdale	—
Cucurbita pepo—Squash/Skorsie	Scallopini, Star Flower, Sun Burst	—
Gossypium hirsutum—Cotton/Katoen	—	Albar 637, Alma, CS Coker.
Pisum sativum—Pea/Ert	Aspiring, Banff, Sela	—
Zea mays var. *saccharata*—Sweetcorn/Soetmielie	Honey Sweet, Pepin	—

(8 February 1985)/(8 Februarie 1985)

NOTICE 67 OF 1985

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING

PLANT BREEDERS' RIGHTS ACT, 1976
(ACT 15 OF 1976)

RECEIPT OF APPLICATIONS FOR PLANT BREEDERS' RIGHTS

In terms of the provisions of section 13 (1) of the Plant Breeders' Rights Act, 1976 (Act 15 of 1976), read with regulation 4 of the regulations published in Government Notice 2630 of 24 Decembe 24 December 1980, it is hereby made known that the applications for plant breeders' rights, particulars whereof appear in the Schedule hereto, have been received.

A. J. CRONJÉ, for Registrar of Plant Breeders' Rights.

KENNISGEWING 67 VAN 1985

DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING

WET OP PLANTTELERSREGTE, 1976
(WET 15 VAN 1976)

ONTVANGS VAN AANSOEKE OM PLANTTELERSREGTE

Ingevolge die bepalings van artikel 13 (1) van die Wet op Planttelersregte, 1976 (Wet 15 van 1976), gelees met regulasie 4 van die regulasies gepubliseer in Goewermentskennisgewing 2630 van 24 Desember 1980, word hiermee bekendgemaak dat die aansoeke om planttelersregte, besonderhede waarvan in die Bylae hierby verskyn, ontvang is.

A. J. CRONJÉ, namens Registrateur van Planttelersregte.

SCHEDULE/BYLAE

RECEIPT OF APPLICATIONS FOR PLANT BREEDERS' RIGHTS/ONTVANGS VAN AANSOEKE OM PLANTTELERSREGTE

Application No. Aansoek No.	Name and address of applicant Naam en adres van aansoeker	Kind of plant Soort plant	Proposed denomination Voorgestelde benaming	Name and address of agent Naam en adres van agent	Application date Aansoek-datum
*PT 394	Executive Director: Department of Agriculture and Water Supply/Uitvoerende Direkteur: Departement Landbou en Watervoorsiening, Private Bag/Privaatsak X116, Pretoria	*Prunus salicina* (Japanese plum/Japanese pruim)	Scarlet Gold.....	None/Geen.....	1984-11-26
*PT 404	T. Sakata & Co., CPO Box Yokohama, No. 11, Yokohama, Japan	*Brassica oleracea* var. *capitata*	Conquistador	C. May & Co. (Pty) Ltd, P.O. Box/Posbus 4037, Johannesburg, 2000	1985-01-08
PT 405	J. A. Herholdt, P.O. Box/Posbus 17, Eikenhof, 1872	*Rosa hort* (Rose/Roos)	Tansenfrie.....	None/Geen.....	1985-01-29

* Provisional protective direction granted/Voorlopige beskermingsbevel toegestaan.

(8 February 1985)/(8 Februarie 1985)

NOTICE 68 OF 1985

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING

PLANT BREEDERS' RIGHTS ACT, 1976
(ACT 15 OF 1976)

GRANT OF PLANT BREEDERS' RIGHTS

In terms of the provisions of section 20 (2) of the Plant Breeders' Rights Act, 1976 (Act 15 of 1976), read with regulation 10 (4) of the regulations published in Government Notice 2630 of 24 December 1980, it is hereby made known that plant breeders' rights in respect of the applications particulars whereof appear in the Schedule hereto, have been granted.

A. J. CRONJÉ, for Registrar of Plant Breeders' Rights.

KENNISGEWING 68 VAN 1985

DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING

WET OP PLANTTELERSREGTE, 1976
(WET 15 VAN 1976)

TOESTAAN VAN PLANTTELERSREGTE

Ingevolge die bepalings van artikel 20 (2) (c) van die Wet op Planttelersregte, 1976 (Wet 15 van 1976), gelees met regulasie 10 (4) van die regulasies gepubliseer in Goewermentskennisgewing 2630 van 24 Desember 1980, word hiermee bekendgemaak dat die planttelersregte ten opsigte waarvan besonderhede in die Bylae hierby verskyn, toegestaan is.

A. J. CRONJÉ, namens Registrateur van Planttelersregte.

SCHEDULE/BYLAE

GRANT OF PLANT BREEDERS' RIGHTS/TOESTAAN VAN PLANTTELERSREGTE

Registration No. Registrasie No.	Name and address of holder Naam en adres van houer	Kind of plant Soort plant	Denomination Benaming	Name and address of agent Naam en adres van agent	Date granted Datum toegestaan
ZA 85197	Executive Director: Department of Agriculture and Water Supply/Uitvoerende Direkteur: Departement Landbou en Watervoorsiening, Private Bag/Privaatsak X116, Pretoria, 0001	*Lachenalia* sp.....	Robyn.....	None/Geen.....	1985-01-03
ZA 85198	*idem*.....	*idem*.....	Rodelein.....	*idem*.....	1985-01-03
ZA 85199	*idem*.....	*idem*.....	Roklara	*idem*.....	1985-01-03
ZA 85200	*idem*.....	*idem*.....	Rolene	*idem*.....	1985-01-03
ZA 85201	*idem*.....	*idem*.....	Romaud	*idem*.....	1985-01-03
ZA 84202	*idem*.....	*idem*.....	Romelia	*idem*.....	1985-01-03
ZA 85203	*idem*.....	*idem*.....	Ronette	*idem*.....	1985-01-03
ZA 85204	G. Gascoyne Ltd., Worcester, England WR 1 2JN	*Lolium multiflorum* (Italian ryegrass/Italiaanse raaigras)	Exalta.....	C. May & Co. (Pty) Ltd, P.O. Box/Posbus 4037, Johannesburg, 2000	1985-01-18
ZA 85205	Charles Sharpe & Co., Boston Road, Sleaford, Lincs N G 347 H A, England	*idem*.....	Titania.....	*idem*.....	1985-01-28

(8 February 1985)/(8 Februarie 1985)

NOTICE 69 OF 1985

LABOUR RELATIONS ACT, 1956

APPLICATION FOR VARIATION OF SCOPE OF REGISTRATION OF AN INDUSTRIAL COUNCIL

I, Mattheus Willem Johannes le Roux, Industrial Registrar, do hereby, in terms of section 19 (2), as applied by section 19 (9), of the Labour Relations Act, 1956, give notice that an application for the variation of its scope of registration has been received from the Industrial Council for the Electrical Contracting Industry. Particulars of the application are reflected in the subjoined table.

Any person who objects to the application is invited to lodge his objection in writing with me, c/o Department of Manpower, Manpower Building, 215 Schoeman Street, Pretoria (postal address: Private Bag X117, Pretoria, 0001), within one month of the date of publication of this notice.

TABLE

Name of industrial council.—Industrial Council for the Electrical Contracting Industry.

Date on which application was lodged.—2 January 1985.

Interests and area in respect of which application is made.—The Electrical Contracting Industry in the Magisterial District of Bloemfontein.

"Electrical Contracting Industry" means the joint enterprise in which employers and their employees are associated for the purpose of the design, preparation (other than manufacture for sale) and erection of electrical installations forming an integral and permanent part of buildings and the repair and/or maintenance of such installations, including any cable jointing or electrical wiring associated therewith but excluding the repair and/or maintenance and/or installation of lifts and escalators in buildings.

Interests and area in respect of which registration is held.—The Electrical Contracting Industry (as defined above in the Province of the Transvaal and the Magisterial District of Sasolburg.

Postal address of applicant.—P.O. Box 10604, Johannesburg, 2000.

KENNISGEWING 69 VAN 1985

WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE, 1956

AANSOEK OM VERANDERING VAN DIE REGISTRASIEBESTEK VAN 'N NYWERHEIDSRAAD

Ek, Mattheus Willem Johannes le Roux, Nywerheidsregistrateur, maak ingevolge artikel 19 (2), soos toegepas by artikel 19 (9), van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, hierby bekend dat 'n aansoek om die verandering van sy registrasiebestek ontvang is van die Nywerheidsraad vir die Elektrotegniese Aannemingsnywerheid. Besonderhede van die aansoek word in onderstaande tabel verstrek.

Enige persoon wat teen die aansoek beswaar maak, word die geleentheid gebied om binne een maand na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing sy beswaar skriftelik by my in te dien, p/a Departement van Mannekrag, Mannekraggebou, Schoemanstraat 215, Pretoria (posadres: Privaatsak X117, Pretoria, 0001).

TABEL

Naam van nywerheidsraad.—Nywerheidsraad vir die Elektrotegniese Aannemingsnywerheid.

